Terapeutiese dosisse van galantamien soos in **REMCEPT XL** 24 mg/dag het geen effek op die kinetika en protrombientyd (INR) van warfarien nie.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:
Geen studies is beskikbaar oor die gebruik van **REMCEPT XL** in swanger vrouens nie. **REMCEPT XL** behoort nie tydens swangerskap gebruik te word nie.
Dierestudies het voortplantingstoksisiteit aangedui.
Dit is nie bekend of galantamien in menslike borsmelk uitgeskei word nie en daar is geen studies in lakterende vrouens nie.
Vrouens op **REMCEPT XL** behoort nie hul suigelinge te borsvoed nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:

Volwassenes:

***Toediening*:**

REMCEPT XL verlengde-vrystellingkapsules behoort een keer daagliks in die oggend, verkieslik saam met voedsel, toegedien te word.

***Aanvangsdosis*:**

Die aanbevole aanvangsdosis is 8 mg/dag vir 4 weke.

***Instandhoudingsdosis*:**

Die aanvanklike instandhoudingsdosis is 16 mg/dag en pasiënte behoort op 16 mg/dag vir ten minste 4 weke onderhou te word.

'n Verhoging in die instandhoudingsdosis van 24 mg/dag behoort oorweeg te word na toepaslike evaluering insluitend evaluering van kliniese voordeel en verdraagsaamheid.

In individuele pasiënte wat nie 'n verhoogde reaksie toon of wat nie 24 mg/dag kan verdra nie, behoort 'n dosisverlaging na 16 mg/dag oorweeg te word.

Onderhoudsbehandeling kan voortgesit word vir so lank as daar terapeutiese voordeel vir die pasiënt bestaan. Die kliniese voordeel van **REMCEPT XL** behoort dus op 'n gereelde basis weer geëvalueer te word. Staking behoort oorweeg te word wanneer bewyse van 'n terapeutiese effek nie langer teenwoordig is nie.

Daar is geen terugslageffek na skielike staking van behandeling nie (bv. in voorbereiding vir chirurgie).

Kinders:

Die gebruik van **REMCEPT XL** by kinders word nie aanbeveel nie. Geen data oor die gebruik van **REMCEPT XL** in pediatriese pasiënte is beskikbaar nie.

Hepatiese en renale inkorting:

Die plasmavlakke van **REMCEPT XL** mag verhoog wees in pasiënte met matige tot ernstige hepatiese of renale inkorting.

In pasiënte met matig ingekorte hepatiese funksie, gegrond op farmakokinetiese modellering, behoort dosering met 8 mg elke tweede dag te begin vir ten minste een week, wat verkieslik in die oggend geneem word. Daarna behoort pasiënte met 8 mg een keer daagliks vir ten minste 4 weke voort te gaan. By hierdie pasiënte behoort die totale daaglikse dosisse 16 mg nie te oorskry nie.

In pasiënte met ernstige hepatiese inkorting (Child Pugh-telling groter as 9), is die gebruik van **REMCEPT XL** teenaangedui.

Vir pasiënte met 'n kreatinienopruiming wat 9 ml/min oorskry, is geen dosisaanpassing nodig nie.

In pasiënte met ernstige renale inkorting (kreatinienopruiming minder as 9 ml/min), is die gebruik van **REMCEPT XL** teenaangedui.

Gelyktydige behandeling:
In pasiënte wat met potente CYP2D6- of CYP3A4-inhibeerders behandel word, kan dosisverminderings oorweeg word. (Sien **INTERAKSIES**).

Pasiënte wat teenswoordig met **REMCEPT XL** onmiddellike-vrystellingstablette behandel word, kan oorskakel na **REMCEPT XL** verlengde-vrystellingkapsules deur hulle laaste dosis **REMCEPT XL** onmiddellike-vrystellingstablette in die aand te neem en dan **REMCEPT XL** verlengde-vrystellingkapsules een keer daagliks die volgende oggend te neem. Wanneer daar oorgeskakel word van **REMCEPT XL** twee-keer-daaglikse onmiddellike-vrystellingstablette na een-keer-daaglikse **REMCEPT XL** verlengde-vrystellingkapsules, behoort dieselfde totale daaglikse dosis toegedien te word.

NEWE-EFFEKTE:

Sisteem-Orgaanklas	**Frekwensie**	**Ongewenste effekte**
Bloed- en limfatiese sisteemversteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels*:	Anemie Trombositopenie
Immuunsisteem-versteurings	*Minder dikwels:*	Hipersensitiwiteit
Metabolisme en voedingversteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Verminderde aptyt, gewigsverlies Dehidrasie, hiperglisemie, verhoogde alkaliese fosfatase
Psigiatriese versteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Hallusinasie, depressie, slaaploosheid, anoreksie, lomerigheid, agitasie, verwarring, angs Hallusinasie visueel, hallusinasie gehoor, paranoïede reaksie, verhoogde libido, delirium, selfmoordgedagtes, selfmoord
Senusisteem-versteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Hoofpyn, lomerigheid, lusteloosheid, tremor, duiseligheid, sinkopee Parestesie, disgeusie, hipersomnie, aanvalle, vertigo, hipertonie, konvulsies, onwillekeurige spiersametrekkings, ataksie, hiperkinesie, apraksie, afasie, beenkrampe

Oogversteurings	*Minder dikwels:*	Versteurde visie
Oor- en doolhofversteurings	*Minder dikwels:*	Tinnitus
Kardiale versteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Bradikardie Supraventrikulêr ekstrasistole, eerste-graad atrioventrikulêre blok, sinus bradikardie, hartkloppings, hartversaking, miokardiale iskemie of infarksie, atriale disritmieë, atriale fibrillasie, supraventrikulêre tagikardieë, QT-verleng, bundeltakblok, T-golf-inversie, ventrikulêre tagikardie
Vaskulêre versteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Hipertensie, perifere edeem Hipotensie, blosing, posturale hipotensie, afhanklike edeem, purpura, neusbloeding
Gastroïntestinale versteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Naarheid, braking, hardlywigheid, winderigheid, abdominale pyn, boonste abdominale pyn, diarree, dispepsie, abdominale ongemak Braakbewegings, gastritis, melena, disfagie, rektale bloeding, droë mond, toename in speeksel, divertikulitis, gastroënteritis, hik, esofageale perforasie
Hepatobiliêre versteurings	*Minder dikwels:*	Hepatitis, verhoogde lewerensieme
Vel- en onderhuidse weefselversteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Hiperhidrose Stevens-Johnson-sindroom, akute veralgemeende eksantemateuse pustulose, erythema multiforme
Muskuloskeletale, Bindweefsel- en beenversteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Spierspasmas Spierswakheid

Renale en urinêre versteurings	*Dikwels:* *Minder dikwels:*	Urienweginfeksie, hematurie, urinêre inkontinensie Mikturisie frekwensie, sistitis, urinêre retensie, nokturie, nierstene
Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings	*Dikwels:*	Rinitis, infeksie van die boonste lugweg, brongitis, hoes
Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek	*Dikwels:*	Moegheid, sinkopee, astenie, malaise, val, besering, rugpyn, borspyn, koors
Ondersoeke	*Dikwels:*	Verhoging van hepatiese ensieme

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:

Simptome:

Daar word voorspel dat tekens en simptome van beduidende oordosering van **REMCEPT XL** soortgelyk sal wees aan dié van oordosering met ander cholinomimetika. Hierdie effekte betrek gewoonlik die sentrale senusisteem, die parasimpatiese senusisteem, en die neuromuskulêre aansluiting. Benewens spierswakheid of fassikulasies, mag sommige of al die tekens van ‘n cholinergiese krisis ontwikkel: ernstige naarheid, braking, gastroïntestinale krampe, speekselafskeiding, traanafskeiding, urinering, ontlasting, sweet, bradikardie, hipotensie, ineenstorting en konvulsies. Toenemende spierswakheid saam met trageale hipersekresies en brongospasmas mag lei tot vitale lugweg kompromie.

Nabemarkingberigte van Torsades de Pointes, QT-verlenging, bradikardie, ventrikulêre tagikardie en verlies aan bewussyn in assosiasie met toevallige oordosisse van **REMCEPT XL**, is ontvang.

Behandeling:

Algemene ondersteunende maatreëls behoort gebruik te word. In ernstige gevalle, kan anticholinergiese middels soos atropien gebruik word as ‘n algemene teenmiddel vir cholinomimetika. ‘n Aanvanklike dosis van 0,5 tot 1,0 mg I.V. word aanbeveel, met daaropvolgende dosisse gebaseer op die kliniese reaksie. Omdat strategieë vir die hantering van oordosis gedurig ontwikkel, is dit raadsaam om ‘n gifbeheersentrum te kontak om die jongste aanbeveling vir die hantering van ‘n oordosis, te bepaal.

IDENTIFIKASIE:

REMCEPT XL 8 mg: Ondeurskynende wit-wit, grootte 2, harde gelatienkapsules wat een ronde bikonvekse tablet van 8 mg bevat.

REMCEPT XL 16 mg: Ondeurskynende vleeskleurige-vleeskleurige, grootte 2, harde gelatienkapsules wat twee ronde bikonvekse tablette van 8 mg bevat.

REMCEPT XL 24 mg: Ondeurskynende oranje-oranje, grootte 2, harde gelatienkapsules wat drie ronde bikonvekse tablette van 8 mg bevat.

AANBIEDING:
Verpakkings van 28 of 30 verlengde-vrystelling, harde kapsules verpak in glansende, deurskynende PVC/PE/PVDC-film en aluminiumfoelie, glansend aan die binnekant en dof (mat) aan die buitekant, stulpverpakkings in ‘n kartondoos.

Wit ondeurskynende, ronde HDPE-bottels met ‘n wit plastiek kinderbestande, peuterbestande skroefdop en ‘n opening vir ‘n droogmiddel in verpakkings van 100 verlengde-vrystelling harde kapsules in ‘n kartondoos.

BEWARINGSINSTRUKSIES:
Bewaar by of benede 25 ^{o}C. Bewaar in die oorspronklike verpakking. Hou stulpverpakkings in die kartondoos en kapsules in die bottel totdat dit benodig word vir gebruik.
Hou die HDPE-houer dig gesluit.
HOU BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS:
REMCEPT XL 8 mg: 46/5.3/0998
REMCEPT Xl. 16 mg: 46/5.3/0999
REMCEPT XL 24 mg: 46/5.3/1000

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:
Actavis Pharma (Edms) Bpk
Maxwell Kantoorpark
Magwa singel Wes
Waterfall City
Midrand
2090

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:
Datum van registrasie: 29 September 2017

PATIENT INFORMATION LEAFLET

SCHEDULING STATUS:

S4

PROPRIETARY NAME, STRENGTH AND PHARMACEUTICAL FORM:

REMCEPT XL 8 mg (Prolonged release hard capsules)

REMCEPT XL 16 mg (Prolonged release hard capsules)

REMCEPT XL 24 mg (Prolonged release hard capsules)

Read this entire leaflet carefully before you start taking REMCEPT XL.

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- If you have further questions, please ask your doctor or your pharmacist.
- **REMCEPT XL** has been prescribed for you personally and you should not share your medicine with other people. It may harm them, even if their symptoms are the same as yours.

1. WHAT REMCEPT XL CONTAINS:

The active ingredient is:

REMCEPT XL prolonged release capsules contain galantamine hydrobromide, equivalent to respectively 8 mg, 16 mg and 24 mg galantamine base.

The other ingredients are:

Ethyl cellulose, erythrocin FD&C Red 3, gelatine, hypromellose, Indigo carmine FD&C Blue 2, magnesium stearate, microcrystalline cellulose, red iron oxide (E172), titanium dioxide (E171), yellow iron oxide (E172).

Sugar free.

2. WHAT REMCEPT XL IS USED FOR:

REMCEPT XL is used for:

- the treatment of symptoms of dementia related to Alzheimer's disease.

3. BEFORE YOU TAKE REMCEPT XL:

Do not take **REMCEPT XL**:

- if you are hypersensitive (allergic) to galantamine or to any of the other ingredients of **REMCEPT XL** (see **WHAT REMCEPT XL CONTAINS**).
- If you have serious liver or kidney disease
- If you have problems with urinary flow or recovering from bladder surgery.

Take special care with REMCEPT XL:

- **REMCEPT XL** must only be taken under the supervision of your doctor, who will regularly monitor you, after he has diagnosed your condition
- Inform your doctor immediately if you notice a skin rash as **REMCEPT XL** may cause serious skin reactions including a potential life threatening reaction called Stevens Johnson syndrome (purplish rash) or blisters containing pus (see **POSSIBLE SIDE EFFECTS**).
- you may experience weight loss, which will be monitored by your doctor during your treatment
- If you have any heart condition, or are taking any medication such as digoxin or beta-blockers, inform your doctor before taking **REMCEPT XL**, as your heart rate will need to be monitored
- If you have an ulcer, history of ulcers or are taking anti-inflammatory medicine
- If you have any obstruction in your stomach or recovering from surgery
- If you suffer from seizures or Parkinson's disease
- If you have a history of severe asthma or lung infection
- If you suffer from urinary flow problems or are recovering from bladder surgery.

Taking REMCEPT XL with food and drink:
It is recommended that **REMCEPT XL** be taken with food, to reduce any side effects that may occur without food.

Pregnancy and breastfeeding:
If you are pregnant or breastfeeding your baby, please contact your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice before taking **REMCEPT XL**.
You should not take **REMCEPT XL:**

- if you are pregnant, planning to become pregnant or if you suspect you are pregnant;
- if you are breastfeeding your baby.

If you become pregnant whilst taking **REMCEPT XL**, please consult your doctor immediately (see **Do not take REMCEPT XL**).

Driving and using machines:
You may experience dizziness or blurred vision while taking **REMCEPT XL.** Do not drive, operate machinery, or do anything else that could be dangerous until you know how you react on **REMCEPT XL**, especially during the first weeks of your treatment.

Taking other medicines with REMCEPT XL:
Always tell your healthcare professional if you are taking any other medicine.
(This includes complementary or traditional medicines.)
Please tell your doctor if you are taking any of the following medicines:

- Ambenomium, donepezil, neostigmine, pyridostigmine, rivastigmine (to treat muscle weakness), pilocarpine (to treat glaucoma).

- Heart medication such as digoxin, beta-blockers and amiodarone (see **Take special care with REMCEPT XL**).
- Food slows the absorption of **REMCEPT XL**, but to reduce side effects, it should be taken with food.
- Paroxetine or fluoxetine (to treat depression) ketoconazole (to treat fungal infections), erythromycin (antibiotic) as this may increase the levels of **REMCEPT XL** in your blood and increase side effects such as nausea and vomiting.
- Before surgery, tell your doctor if you are taking **REMCEPT XL.**

4. HOW TO TAKE REMCEPT XL:

Do not share medicines prescribed for you with any other person.

Always take **REMCEPT XL** exactly as your doctor has instructed you. You should check with your doctor or pharmacist if you are unsure.

REMCEPT XL capsules should be taken once daily in the morning, preferably with food.

The recommended starting dose is 8 mg/day.

Your doctor may adjust your dose depending on your condition and your reaction to the medicine.

Children:

Use of **REMCEPT XL** in children is not recommended.

If you take more REMCEPT XL than you should:

In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison control centre.

In the event of overdose, you may experience nausea, vomiting, stomach cramps, muscle weakness or dizziness.

If you forget to take REMCEPT XL:

It is important to take your medicine every day. However, if you forget to take one or more doses, take another as soon as you remember and then go on as prescribed on a normal daily dose.

Do not take a double dose to make up for forgotten individual doses.

Effects when treatment with REMCEPT XL is stopped:

It is important that you continue the course of treatment. Do not stop taking **REMCEPT XL** unless your doctor instructs you to.

5. POSSIBLE SIDE EFFECTS:

REMCEPT XL can have side effects. Not all side effects reported for **REMCEPT XL** are included in this leaflet.

Should your general health worsen while taking **REMCEPT XL**, please consult your doctor, pharmacist or other health care professional for advice.

If any of the following happens, stop taking **REMCEPT XL** and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:

- Swelling of the hands, feet, ankles, lips, mouth or throat which may cause difficulty in breathing,
- Rash or itching.

These are all very serious side effects. If you have them, you may have had a serious allergic reaction to **REMCEPT XL**. You may need urgent medical attention or hospitalisation.

Tell your doctor immediately or go the casualty department at your nearest hospital if you notice any of the following:

- Very slow heartbeat making you feel dizzy, rapid heartbeat, irregular heartbeat, heart attack (with symptoms such as chest pain, sweating and shortness of breath)
- High or low blood pressure, feeling dizzy when you stand up, swelling of hands and feet, flushing, nose bleed
- Stevens Johnson syndrome (a serious skin disorder, with purple rash) or blisters on the skin containing pus
- Suicidal thoughts and tendencies, depression, seeing or hearing things that aren't there, confusion and anxiety
- Seizures (fits), blurred vision
- Mouth or throat infection
- Liver problems
- Urinary tract infection, difficulty in urination, blood in the urine, urinating more often than usual, inability to urinate or feeling the need to urinate at night.

These are all serious side effects. You may need urgent medical attention.

Tell your doctor if you notice any of the following:

- Decreased appetite *(frequent),* decreased weight *(frequent),* dehydration *(less frequent),* high blood sugar *(less frequent),* feeling sleepy *(frequent)*
- Nausea *(frequent),* vomiting *(frequent),* constipation *(frequent),* feeling bloated *(frequent),* stomach pain and discomfort *(frequent),* diarrhoea *(frequent),* indigestion *(frequent)*
- Dry mouth *(less frequent),* hiccups *(less frequent),* increased saliva *(less frequent),* rectal bleeding *(less frequent),* dark faeces *(less frequent),* retching *(less frequent),* difficulty in swallowing *(less frequent)*
- Increased sweating *(frequent)*
- Headache *(frequent),* tremor *(frequent),* dizziness *(frequent),* "pins and needles" *(less frequent),* involuntary muscle contractions *(less frequent),* loss of movement *(less frequent),* leg cramps *(less frequent)*

- Metallic taste in the mouth *(less frequent)*
- Inability to perform actions or formulate certain words *(less frequent)*
- Increased libido *(less frequent)*
- Ringing in the ears *(less frequent)*

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

6. STORING AND DISPOSING OF REMCEPT XL:

Store at or below 25 °C.

Do not remove capsule from blister until required for use.

Keep the blister in the outer container until required for use.

Keep the HDPE container tightly closed.

Keep the HDPE bottle in the carton container.

Do not take this medicine after the expiry date which is clearly marked on the blister and outside of the box.

Return any expired or unused medicine to your pharmacist for safe disposal. Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets).

KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN.

7. PRESENTATION OF REMCEPT XL:

Packs of 28's or 30's prolonged release hard capsules packed in glossy, transparent, PVC/PE/PVDC film and aluminium foil, shiny on the inside and dull (matte) on the outside blisters in a cardboard carton.

White opaque, round HDPE bottles with a white plastic child-resistant tamper-evident screw cap and an aperture for desiccant in packs of 100's prolonged release hard capsules in a cardboard carton.

8. IDENTIFICATION OF REMCEPT XL:

REMCEPT XL 8 mg: Opaque white-white size 2 hard gelatine capsules containing one round biconvex tablet of 8 mg

REMCEPT XL 16 mg: Opaque, flesh-flesh size 2 hard gelatine capsules containing two round biconvex tablets of 8 mg

REMCEPT XL 24 mg: Opaque orange-orange size 2 hard gelatine capsules containing three round biconvex tablets of 8 mg

9. REGISTRATION NUMBERS:

REMCEPT XL 8 mg: 46/5.3/0998

REMCEPT Xl. 16 mg: 46/5.3/0999

REMCEPT XL 24 mg: 46/5.3/1000

10. NAME AND ADDRESS OF REGISTRATION HOLDER

Actavis Pharma (Pty) Ltd
Maxwell Office Park
Magwa Crescent West
Waterfall City
Midrand
2090
Tel No.: 011 055 0200

11. DATE OF PUBLICATION:

Date of Registration: 29 September 2017

VOUBILJET

SKEDULERINGSTATUS:

S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM:

REMCEPT XL 8 mg (Verlengde-vrystelling harde kapsules)

REMCEPT XL 16 mg (Verlengde-vrystelling harde kapsules)

REMCEPT XL 24 mg (Verlengde-vrystelling harde kapsules)

Lees hierdie hele brosjure versigtig voordat jy begin om REMCEPT XL te neem.

- Hou hierdie brosjure. Jy mag dit weer moet lees.
- Indien jy verdere vrae het, vra asseblief jou dokter of jou apteker daaroor.
- **REMCEPT XL** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy behoort nie jou medisyne met ander persone te deel nie. Dit kan hulle skade aandoen, al is hulle simptome dieselfde as joune.

1. WAT REMCEPT XL BEVAT:

Die aktiewe bestanddeel is:

REMCEPT XL verlengde-vrystellingkapsules bevat galantamienhidrobromied, onderskeidelik ekwivalent aan 8 mg, 16 mg en 24 mg galantamienbasis.

Die ander bestanddele is:

Etielsellulose, eritrosien FD&C Rooi 3, gelatien, hipromellose, Indigo-karmosyn FD&C Blou 2, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, rooi ysteroksied (E172), titaandioksied (E172), geel ysteroksied (E172).

Suikervry.

2. WAARVOOR REMCEPT XL GEBRUIK WORD:

REMCEPT XL word gebruik vir:

- die behandeling van simptome van demensie wat aan Alzheimer se siekte verwant is.

3. VOORDAT JY REMCEPT XL NEEM:

Moenie REMCEPT XL neem: indien jy hipersensitief (allergies) is vir galantamien of enige van die ander bestanddele van **REMCEPT XL** (sien **WAT REMCEPT XL BEVAT**).

- Indien jy ernstige lewer- of niersiekte het
- Indien jy probleme met urinêre uitvloei het of besig is om van ‘n blaasoperasie te herstel.

Neem spesiale sorg met REMCEPT XL:

- **REMCEPT XL** moet slegs onder die toesig van jou dokter geneem word, hy/sy sal jou gereeld moniteer nadat jou toestand gediagnoseer is.

- Vertel jou dokter dadelik as jy van ‘n veluitslag bewus word, omdat **REMCEPT XL** ernstige velreaksies kan veroorsaak, insluitend ‘n potensieel lewensbedreigende reaksie wat Stevens-Johnson-sindroom genoem word (‘n perskleurige veluitslag) of blase wat etter bevat (sien **MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**).
- jy mag gewigsverlies ondervind, wat deur jou dokter tydens jou behandeling gemoniteer sal word
- Indien jy enige hartkondisie het, of enige medikasie soos digoksien of beta-blokkeerders neem, moet jy jou dokter daarvan vertel voordat jy **REMCEPT XL** neem, omdat dit nodig sal wees om jou harttempo te moniteer
- Indien jy ‘n ulkus of ‘n geskiedenis van ulkusse het, of as jy anti-inflammatories medisyne neem
- Indien enige obstruksie in jou maag het of tans van chirurgie herstel
- Indien jy aan aanvalle of Parkinson se siekte ly
- Indien jy ‘n geskiedenis van ernstige asma of longinfeksie het
- Indien jy ly aan probleme met urinêre uitvloei of besig is om te herstel van ‘n blaasoperasie.

Inname van REMCEPT XL saam met voedsel en drank:
Dit word aanbeveel dat **REMCEPT XL** saam met voedsel geneem word om enige newe-effekte wat sonder voedsel mag voorkom, te verminder.

Swangerskap en borsvoeding:
Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige raadpleeg vir advies voordat jy **REMCEPT XL** neem.

Jy behoort REMCEPT XL nie te neem:

- indien jy swanger is, swangerskap oorweeg of as jy vermoed dat jy swanger is;
- as jy jou baba borsvoed

Indien jy swanger word terwyl jy **REMCEPT XL** neem, moet jy asseblief jou dokter dadelik raadpleeg .

Bestuur en gebruik van masjiene:
Jy mag duiseligheid en belemmerde visie ondervind terwyl jy **REMCEPT XL** neem. Moenie bestuur, masjiene gebruik, of enigiets anders doen wat gevaarlik kan wees totdat jy weet hoe jy op **REMCEPT XL** reageer, veral tydens die eerste weke van jou behandeling.

Neem van ander medisyne saam met REMCEPT XL:
Jy moet altyd jou gesondheidsorgdeskundige daarvan vertel indien jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Vertel asseblief jou dokter indien jy enige van die volgende medisyne neem: Ambenonium, donepesiel, neostigmien, piridostigmien, rivastigmien (om spierswakheid te behandel), pilokarpien

(om gloukoom te behandel)

- Hartmedikasie soos digoksien, betablokkeerders en amiodaroon (sien **Neem spesiale sorg met REMCEPT XL**)
- Voedsel vertraag die absorpsie van **REMCEPT XL**, maar dit behoort saam met voedsel geneem te word om die newe-effekte te verminder
- Paroksetien of fluoksetien (om depressie te behandel), ketokonasool (om swaminfeksies te behandel), eritromisien (antibiotikum) omdat dit die vlakke van **REMCEPT XL** in jou bloed mag verhoog en newe-effekte soos naarheid en braking mag verhoog

Vertel jou dokter voor chirurgie indien jy **REMCEPT XL** neem.

4. HOE OM REMCEPT XL TE NEEM:

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.
Neem **REMCEPT XL** altyd presies volgens jou dokter se instruksies. Jy behoort met jou dokter of apteker te gesels indien jy onseker is.

REMCEPT XL kapsules behoort een keer daagliks in die oggend, verkieslik saam met voedsel, geneem te word.
Die aanbevole aanvangsdosis is 8 mg/dag.
Jou dokter mag jou dosis aanpas afhangende van jou toestand en jou reaksie op die medisyne.

Kinders:

Die gebruik van **REMCEPT XL** by kinders word nie aanbeveel nie.

Indien jy meer REMCEPT XL neem as wat jy behoort te neem:

In ’n geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien beide onbeskikbaar is, moet jy die naaste hospitaal of gifbeheersentrum kontak.
In ‘n geval van oordosis, mag jy naarheid, braking, maagkrampe, spierswakheid of duiseligheid ondervind.

Indien jy vergeet om REMCEPT XL te neem:

Dit is belangrik dat jy jou medisyne elke dag neem. As jy egter vergeet om een of meer dosisse te neem, moet jy ‘n dosis neem sodra jy dit onthou en dan voortgaan soos voorgeskryf op ‘n normale daaglikse dosis.
Moenie ‘n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

Effekte wanneer behandeling met REMCEPT XL gestaak word:

Dit is belangrik dat jy met die behandelingskursus aanhou. Moenie die inname van **REMCEPT XL** staak nie, tensy jou dokter vir jou instruksies gee om dit te doen.

5. MOONTLIK NEWE-EFFEKTE:

REMCEPT XL kan newe-effekte veroorsaak. Nie alle newe-effekte wat vir **REMCEPT XL** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie.

Indien jou algemene gesondheid sou vererger terwyl jy **REMCEPT XL** neem, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende plaasvind, moet jy die inname van **REMCEPT XL** staak en dadelik vir jou dokter daarvan vertel of na die noodafdeling by jou naaste hospitaal gaan:

- Swelling van die hande, voete, enkels, lippe, mond of keel wat probleme met asemhaling mag veroorsaak.
- veluitslag of jeuk.

Dit is almal baie ernstige newe-effekte. Indien jy dit het, het jy moontlik ’n ernstige allergiese reaksie teen **REMCEPT XL** gehad. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisering nodig hê.

Vertel vir jou dokter dadelik daarvan of gaan na die noodafdeling by jou naaste hospitaal indien jy van enige van die volgende bewus word:

- Baie stadige hartklop wat jou duiselig laat voel, ‘n vinnige hartklop, ‘n onreëlmatige hartklop, ‘n hartaanval (met simptome soos borspyn, sweet en kortasem).
- Hoë of lae bloeddruk, gevoel van duiseligheid wanneer jy opstaan, swelling van die hande en voete, blosing, neusbloeding.
- Stevens-Johnson-sindroom (‘n ernstige velversteuring, met ‘n perskleurige veluitslag) of blase op die vel wat etter bevat.
- Selfmoordgedagtes en -neigings, depressie, sien of hoor dinge wat nie bestaan nie, verwarring en angs.
- Aanvalle (stuipe), belemmerde visie.
- Mond- of keelinfeksie.
- Lewerprobleme.
- Urienweginfeksie, probleme met urinering, bloed in die urine, urineer meer dikwels as gewoonlik, onvermoë om te urineer of gevoel om snags te urineer.

Dit is almal ernstige newe-effekte. Jy mag dringende mediese aandag nodig hê.

Vertel jou dokter indien jy van enige van die volgende bewus word:

- Verminderde aptyt (*dikwels*), verminderde gewig (*dikwels*), dehidrasie (*minder dikwels*), hoë bloedsuiker (*minder dikwels*), voel slaperig (*dikwels*).
- Naarheid (*dikwels*), braking (*dikwels*), hardlywigheid (*dikwels)*, voel opgeblaas (*dikwels*), maagpyn en -ongemak (*dikwels*), diarree (*dikwels*), slegte spysvertering (*dikwels*).
- Droë mond (*minder dikwels*), hik (*minder dikwels*), verhoogde speekselproduksie (*minder dikwels*), rektale bloeding (*minder dikwels*), donker stoelgang (*minder dikwels*), braakbewegings (*minder dikwels*), probleme met sluk (*minder dikwels*)
- Toename in sweet (*minder dikwels*).

- Hoofpyn (*dikwels*), tremor (*dikwels*), duiseligheid (*frekwent*), “naalde en spelde” (*minder dikwels*), onwillekeurige spiersametrekkings (*minder dikwels*), verlies aan beweging (*minder dikwels*), beenkrampe (*minder dikwels*).
- Metaalagtige smaak in die mond (*minder dikwels*).
- Onvermoë om aksies uit te voer of om sekere woorde te formuleer (*minder dikwels*).
- Verhoogde libido (*minder dikwels*).
- Gesuis in die ore (*minder dikwels*).

Indien jy bewus word van enige newe-effekte wat nie in hierdie brosjure genoem word nie, moet jy asseblief jou dokter of apteker daarvan vertel.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN REMCEPT XL:

Bewaar by benede 25 ^{o}C.
Moenie ‘n kapsule uit die stulpverpakking verwyder, totdat dit vir gebruik benodig word nie.
Hou die stulpverpakking in die oorspronklike buitenste houer totdat dit benodig word vir gebruik.
Hou die HDPE-houer dig toe.
Hou die HDPE-houer in die kartondoos.
Moenie hierdie medisyne na die vervaldatum wat duidelik op die stulpverpakking en die buitekant van die kartondoos gemerk is, gebruik nie.
Gee enige vervalle of ongebruikte medisyne terug aan jou apteker vir veilige wegdoening. Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

7. AANBIEDING VAN REMCEPT XL:

Verpakkings van 28 of 30 verlengde-vrystelling, harde kapsules verpak in glansende, deurskynende PVC/PE/PVDC-film en aluminiumfoelie, glansend aan die binnekant en dof (mat) aan die buitekant, stulpverpakkings in ‘n kartondoos.

Wit ondeurskynende, ronde HDPE-bottels met ‘n wit plastiek kinderbestande, peuterbestande skroefdop en ‘n opening vir ‘n droogmiddel in verpakkings van 100 verlengde-vrystelling harde kapsules in ‘n kartondoos.

8. IDENTIFIKASIE VAN REMCEPT XL:

REMCEPT XL 8 mg: Ondeurskynende wit-wit, grootte 2, harde gelatienkapsules wat een ronde bikonvekse tablet van 8 mg bevat.
REMCEPT XL 16 mg: Ondeurskynende vleeskleurige-vleeskleurige, grootte 2, harde gelatienkapsules wat twee ronde bikonvekse tablette van 8 mg bevat.
REMCEPT XL 24 mg: Ondeurskynende oranje-oranje, grootte 2, harde gelatienkapsules wat drie ronde bikonvekse tablette van 8 mg bevat.

9. REGISTRASIENOMMERS:

REMCEPT XL 8 mg: 46/5.3/0998

REMCEPT Xl. 16 mg: 46/5.3/0999

REMCEPT XL 24 mg: 46/5.3/1000

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER:

Actavis Pharma (Edms) Bpk.
Maxwell Kantoorpark
Magwa singel Wes
Waterfall City
Midrand
2090
Tel Nr.: 011 055 0200

11. DATUM VAN PUBLIKASIE:

Datum van registrasie: 29 September 2017